Les 4: Voorsien

Vlugteling

(Pre-tiener les)
(Aanbiddingsles)

Skrifgedeelte: Psalm 23

Doel: Dat kinders d.m.v. van 'n "boiler room" God sal beleef en aanbid d.m.v. al vier spiritualiteite – kop, hart, hand en misterie.

"Boiler room" konstruksie: Verdeel die vertrek in vier dele of hoeke vir die vier spiritualiteite. Indien moontlik, skort die hoeke af.

- Kinders beweeg tussen die vier hoeke in enige volgorde
- Hulle word nie verplig om al die aktiwiteite te doen nie.
- Verduidelik vooraf wat die kinders in elke hoek kan doen.

Beleef hoek (Misterie)

VOORBEREIDING:

- Kussings – die hoek moet gemaklik en mooi wees
- Chiffon behangsels
- CD-speler en cd's
- Liedjies– speel liedjies van die Luidkidz CD:
  - ☐ Niemand soos U,
  - ☐ Jesus groot bo almal,
  - ☐ In U arms
  - ☐ U is my helper (no.10)
  - ☐ Ek weet dat U my liefhet
  - ☐ Leeu van Juda
- Nadine Blom:
  - ☐ Weet jy dat Jesus jou lief het?
- Mooi prente / inspirerende prente
- "Touch lights" of "fairy lights" vir atmosfeer
- Skoon papier
- Penne / poltlode / koki's / glitter

AKSIE:

Beleef God Deur Musiek (Beleef hoek)

☐ Luister na die musiek

☐ Dink aan wat die liedjies en Psalm 23 sê van God.

☐ Doen iets kreatiefs om uit te beeld hoe die musiek jou laat voel of hoe dit jou herinner aan wie God is of wat Hy vir jou doen.

☐ Gebruik die papier, penne, ens. daarvoor.

Hand hoek (doen spiritualiteit):

VOORBEREIDING:

- Tafels
- Kan die hoek versier met handafdrukke, poskaarte
- Stoele
- Potlode / penne / koki's / glitter / skêre / gom / verf
- Skoon papier
- "Poskaarte"
- Fotostate met bladmusiek

AKSIE:

Doen iets vir God (Hand Hoek)

☐ Skryf vir God 'n poskaart. (Jy kan iets op die agterkant teken of versier.)

☐ Jy kan vir Hom iets sê soos:

o Here, ek loof U omdat…
o Here, ek loof U omdat U vir my sorg.
o Here, ek loof U omdat U vir my beskerm.
o Here, ek loof U omdat U altyd by my is.
o Here, ek loof U omdat U vir my lei.

☐ Jy kan die poskaart in jou Bybel bêre om jou daaraan te herinner oor hoe goed God is.



☐ Of skryf 'n liedjie vir God waarin jy bv. vir Hom sê dat jy Hom liefhet of dat jy waardeer dat Hy vir jou sorg.

Kennis hoek (Kop spiritualiteit):

VOORBEREIDING:

- Bybels (in verskillende vertalings, bv. Die Bybel@kinders, Die Boodskap, Die Bybel vir almal, Die Bybel (Nuwe Vertaling), Die Nuwe Lewende Vertaling, Contemporary English Version, ens.)
- Sit 'n boekmerkie in by elke Bybel by Ps 23.
- Potlode / penne
- Skoon papier
- Fotostate van die raampies en hande – vir elke kind
- Tafel met stoele

AKSIE:

Leer God Beter Ken (Kennis Hoek)

☐ Lees Psalm 23 in een of meer van die Bybels.

☐ Beantwoord die volgende vrae deur jou antwoorde in die raampies of hande te skryf.

Wie of hoe is God volgens Psalm 23?



Volgens die Psalm,
wat doen God alles vir my?



Hart hoek (Emosies)

VOORBEREIDING:

- Mooi prent van 'n herder met skape op 'n weiveld
- Kussings – die hoek moet gemaklik en mooi wees
- Genoeg fotostate van die storie
- Penne / potlode
- Skoon papier

AKSIE:

'n Ware Storie van Vandag oor wat God gedoen het (Hart Hoek)

☐ Lees die storie self of laat iemand dit vir julle lees.

☐ Miskien kan jy dink aan 'n keer toe God vir jou beskerm het of vir jou gesorg het.

☐ Jy kan jou God storie vir iemand anders vertel of sommer net weer vir God dankie sê.

Die storie van die sendeling in Afrika

Storie:

By sy kampplek waar hy die nag deurgebring het op pad na die stad om die mediese voorrade te haal, staan die sendeling vroeg op. Hy maak sy klein kampvuurtjie dood, haak sy seilrugsak op sy rug en spring op sy fiets om verder te gaan op sy tog deur die oerwoud van Afrika. Elke twee weke onderneem hy die fietstog van die twee dae om geld by die bank te trek en medisyne en voorrade vir die klein veldhospitaaltjie waar hy diens doen, te koop. As hy dit alles afgehandel het, klim hy weer op sy fiets en val in die pad terug kamp toe.

Toe die sendeling dié keer in die stad aankom, gaan trek hy geld en kry die mediese voorrade. Hy is net op die punt om huis toe te vertrek, toe hy twee mans in die straat sien baklei. Aangesien een van die bakleiers ernstig beseer is, gaan die sendeling daarheen, behandel hom vir sy beserings en vertel hom van die liefde van Christus. Daarna begin die sendeling sy twee dae-lange tog huis toe.

Twee weke later, gaan die sendeling soos gewoonlik weer stad toe. Terwyl hy besig is om sy verskeie afsprake na die kom, kom 'n jong man na hom toe - dieselfde een wat die sendeling tydens sy vorige besoek aan die stad behandel en van Christus vertel het. "Ek het geweet dat jy geld en medisyne by jou het," sê die jongman, "daarom het ek en my vriende jou na jou kampplek in die oerwoud gevolg nadat jy my in die straat gehelp het. Ons plan was om jou dood te maak en die geld en die medisyne te vat. Maar net toe ons op die punt was om jou aan te val, moes ons tot ons verbasing sien hoe ses en twintig gewapende wagte jou omring en beskerm."

"Jy maak sekerlik 'n fout," sê die sendeling. "Ek was alleen. Daar was nie wagte of enige iemand anders by my nie."
"Maar, meneer, ek was nie die enigste een wat die wagte gesien het nie. Die vyf ouens wat by my was, het hulle ook gesien. Daar was ses en twintig lyfwagte, te veel vir ons om te hanteer. Die feit dat hulle daar was, het gemaak dat ons jou nie vermoor het nie."

Maande later vertel die sendeling dit aan sy gemeente van die kerk in sy tuisdorp Michigan. Terwyl hy praat, staan een van die mans wat sit en luister het op en vra wat die presiese datum was wat die insident in die oerwoud plaasgevind het. Toe die sendeling die spesifieke maand en dag van die week identifiseer, vertel die man hom die res van die verhaal.

"Op daardie presiese nag van jou voorval in Afrika, was dit oggend hier in Michigan en ek was op die gholfbaan. Ek was op die punt om af te slaan toe ek 'n dwingende gevoel gekry het dat ek vir jou moet bid. Die gevoel was so geweldig sterk dat ek die gholfbaan verlaat het en party van die mans in ons kerk gebel het om te kom. En net hier voor die kansel het ons vir jou kom bid. Sal al die mans wat daardie dag saam met my gebid het, asseblief opstaan?"

Die sendeling tel die manne wat een vir een opstaan. Daar is ses en twintig van hulle, die presiese getal van die "gewapende wagte" wat die aanvallers hom daardie nag sien bewaak het!